



higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4

(21010024)

30 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

145Q1B2030

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
NASIONALE SERTIFIKAAT
PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
 2. Lees al die vrae aandagtig deur.
 3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
 4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
 5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
 6. Skryf netjies en leesbaar.
-

AFDELING A**VRAAG 1**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

- 1.1 'n Regering is 'n stelsel waarvolgens 'n staat of gemeenskap bestuur word.
- 1.2 Familie en gemeenskappe is nie altyd die belangrikste boublokke van ons samelewing en ons land nie. 
- 1.3 In Suid-Afrika het ons 'n demokratiese staat wat deur die Grondwet beheers word.
- 1.4 Burgerskap kan verkry word deur 'n persoon wie se vader of moeder Suid-Afrikaans is. 
- 1.5 In Suid-Afrika word parlamentslede slegs deur mense in die regering verkies.
- 1.6 Hoë howe is voorbeelde van hoër howe in Suid-Afrika.
- 1.7 Navorsing is 'n voorbeeld van 'n aanvullende funksie wat in staatsinstellings uitgevoer word.
- 1.8 Die premier verwys 'n Wetsontwerp terug na die Nasionale Vergadering vir verdere oorweging.
- 1.9 Ministers is politieke hoofde van ondernemings in staatsbesit. 
- 1.10 Die wetgewer se belangrikste verantwoordelikheid is om belastinge te verhoog of te verlaag asook om die begroting van die land te aanvaar.

(10 × 2)

[20]

VRAAG 2

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B
2.1	Deur die President aangestel om 'n betrokke saak te ondersoek	A gesin
2.2	Basiese vorm van 'n gemeenskap	B ESKOM
2.3	Seremoniële hoof en verteenwoordig die dorp as 'n eerste burger	C generiese administratiewe proses
2.4	Bestaan uit 90 afgevaardigdes	D onbevoeg om te stem
2.5	Hoofde van provinsies	E Premier
2.6	Beleidmaking	F geregshowe
2.7	Reg op vryheid van assosiasie	G kommissie van ondersoek
2.8	Onderneming in staatsbesit	H Nasionale Vergadering
2.9	Onderhewig aan die Grondwet en nie aan enige staatsorgaan of regeringspersoon nie	I burgemeester
2.10	Aangehou ingevolge die Wet op Geestesgesondheid	J Nasionale Raad van Provinsies
		K Handves van Regte
		L bevoeg om te stem

(10 × 2)

[20]**TOTAAL AFDELING A:****40**

AFDELING B**VRAAG 3**

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Cyril Ramaphosa is op 15 Februarie 2018 tot Staatspresident van Suid-Afrika verkies. Hy is ingesweer as President net twee uur nadat hy onbestrede deur die Nasionale Vergadering verkies is. Die presidensiële verkiesing is kragtens die Grondwet uitgevoer.

- | | | | |
|-----|---|---------|-------------|
| 3.1 | Verduidelik die belangrike rol wat die President in die land vervul. | (6 × 2) | (12) |
| 3.2 | Die Nasionale Vergadering is een van die huise van die Parlement. Beskryf die samestelling van die Nasionale Vergadering. | (6 × 2) | (12) |
| 3.3 | Beskryf die DRIE bevoegdhede van lede van die Nasionale Vergadering. | (3 × 2) | (6) |
| 3.4 | Verduidelik die VYF doelstellings van die Grondwet van Suid-Afrika. | (5 × 2) | (10) |
| | | | [40] |

VRAAG 4

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Die algemene verkiesings in ons land word volgens die stelsel van proporsionele verteenwoordiging gehou. Tydens hierdie verkiesings word lede tot die Parlement asook die Provinsiale Wetgewer van die nege provinsies verkies.

- | | | |
|-------|--|--------------|
| 4.1 | Verduidelik die term <i>stelsel van proporsionele verteenwoordiging</i> . | (3) |
| 4.2 | Beskryf die belangrike rol wat die provinsiale wetgewer vervul deur die volgende opskrifte te gebruik: | |
| 4.2.1 | Samestelling van die provinsiale wetgewer | (3 × 2) (6) |
| 4.2.2 | Wetgewende bevoegdheid van die provinsiale wetgewer | (5 × 2) (10) |
| 4.3 | Noem die NEGE provinsies van Suid-Afrika. | (9 × 1) (9) |
| 4.4 | Beskryf die belangrike bevoegdhede en funksies van die premier as die hoof van die uitvoerende gesag in provinsiale administrasie. | (6 × 2) (12) |
| | | [40] |

VRAAG 5

5.1 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Administrasie is die logiese en ordelike uitvoering van 'n taak. Dit behels die uitvoering van 'n taak om 'n bepaalde doel te bereik. Administrasie word deur alle staatsdepartemente vereis om hul doelstellings en doelwitte te bereik.

5.1.1 Onderskei tussen die administrasie van openbare en private instellings.  (3 × 2) (6)

5.1.2 Noem die SES generiese administratiewe prosesse wat in staatsdepartemente aangetref word. (6)

5.1.3 Beskryf waarom staatsdepartemente 'n belangrike rol in die regering speel. (3 × 2) (6)

5.2 Provinsiale en nasionale verkiesings word gesamentlik elke vyf jaar gehou. Kiesers stem vir nasionale en provinsiale wetgewers op afsonderlike stembriewe. Gereelde vry en regverdige verkiesings speel 'n belangrike rol in 'n demokratiese staat.

5.2.1 Verduidelik die term *demokratiese staat*.  (3 × 2) (6)

5.2.2 Verduidelik wie kwalifiseer om in die nasionale en provinsiale verkiesings in Suid-Afrika te stem. (6 × 1) (6)

5.2.3 Watter inligting word gewoonlik op 'n stembrief aangetref? (3 × 2) (6)

5.2.4 Waarom dink jy is dit belangrik om gereelde vry en regverdige verkiesings in ons land te hê? Wat is die belangrikheid van vry en regverdige verkiesings?  (2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 6

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Die burgers, gesinne en hul gemeenskappe speel 'n baie belangrike rol in staatsbestuur en publieke administrasie. Dit is belangrik dat al die behoeftes van burgers in ag geneem word om die algemene welstand van die mense te verbeter. Plaaslike regering is die regering naaste aan die mense en dit is baie belangrik dat elke burger by die regeringsproses betrokke is. Plaaslike regerings het munisipale raade en hul uitvoerende instellings verseker dat dienste vir die mense gelewer word. 

Ons regering het ook die geregshof gevestig wat verseker dat die regte en begeertes van ons burgers nagekom en vervul word.

- | | | | |
|-----|--|---------|-------------|
| 6.1 | Beskryf die verhouding tussen die gesin en openbare administrasie deur aan te dui hoe die gesin as die vertrekpunt vir openbare administrasie beskou kan word. | (3 × 2) | (6) |
| 6.2 | Bespreek hoe 'n burger sy/haar burgerskap kan verloor. Noem VIER maniere waarop burgerskap gekanselleer kan word. | | (4) |
| 6.3 | Verduidelik die VYF doelwitte van plaaslike regering.  | (5 × 2) | (10) |
| 6.4 | Beskryf die rol van die konstitusionele hof as 'n owerheidsliggaam in Suid-Afrika wat reg afdwing. | (3 × 2) | (6) |
| 6.5 | Noem die uitvoerende instellings wat op plaaslike regeeringsvlak aangetref word.  | (2 × 1) | (2) |
| 6.6 | Beskryf die rol van die munisipale raad om te verseker dat dienste vir die plaaslike bevolking gelewer word. | (6 × 2) | (12) |
| | | | [40] |

TOTAAL AFDELING B:	160
GROOTTOTAAL:	200